Boys' Primary School
Tel. 872-4651 Fax: 872-0689
P.O. Box 141
Main Street
PAARL
7622

Primêre Seunskool
Tel. 872-4651 Faks 872-0689
Posbus 141
Hoofstraat
PAARL
7622

postmaster@paarlboysp.co.za
http://www.paarlboysprimary. org.za

Omsendskrywe : 05/2012

17 Januarie 2012

Geagte Ouers

PAARL PRIMêRE SEUNSKOOL GEDRAGSKODE EN DISSIPLINêRE STELSEL

Dit is vir ons aangenaam om vir u inligting aangaande ons skool se dissiplinêre stelsel weer te gee.

U moet asseblief hierdie dokument noukeurig saam met u seun bestudeer.

Voltooi dan meegaande vorm en stuur asseblief voor óf op 10 Februarie 2012, terug skool toe.

Ons hoop dat u as ouers ons in hierdie poging sal ondersteun. Ons glo werklik dat 'n gedissiplineerde skool 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van u seun sal maak.

Indien u enige insae in ons dissiplinêre stelsel wil hê, is u welkom om die skool te kom besoek.

Vriendelike Klein Boishaai-groete

MNR. J. BASSON
(ADJUNK-HOOF)

MNR. H. BESTER
(PRINSIPAAL)

PAARL PRIMêRE SEUNSKOOL

GEDRAGSKODE

PRIMêRE SEUNSKOOL PAARL

GEDRAGSKODE

A. MISSIE

PSS sal in samewerking met ons ouers, personeel, kinders en gemeenskap bekend staan as 'n skool wat:

- moderne onderrigmetodes toepas om te verseker dat elke seun tot sy volle akademiese potensiaal ontwikkel;
- aan sy seuns die geleentheid bied om met selfvertroue aktief deel te neem aan 'n verskeidenheid kulturele bedrywighede;
- goeie sportmanskap handhaaf en gesonde mededinging bevorder deur deel te neem aan 'n verskeidenheid fisiese aktiwiteite;
- die seuns sal lei tot 'n emosioneel gebalanseerde en sosiaal aanpasbare individu met uitnemende interpersoonlike vaardighede.

Ons erken dat elke seun sy individualiteit moet uitleef binne 'n omgewing van respek, integriteit, selfdissipline, vertroue en gesonde Geestelike waardes.

B. DIE ETOS

Primêre Seunskool vorm deel van die Boishaai-familie en daarom streef ons om ons ryke erfenis, tradisies en trots te handhaaf en te ontwikkel.

Ons heg waarde aan eerlikheid, lojaliteit, integriteit, hoflikheid, vrygewigheid, nederigheid en sportmanskap. Ons verwag verdraagsaamheid t.o.v. teenstellende standpunte, respek teenoor verskillende kulture en konsiderasie vir ander se gevoelens. Ons keur alle vorme van vooroordeel en onregverdige diskriminasie af. Ons verwag van ons leerders om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle aksies. Gevolglik heg ons waarde aan selfdissipline, toegewydheid, determinasie, uithouvermoë en betroubaarheid.

C. DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEID VAN LEERDERS EN LEERKRAGTE

Met inagneming van die Suid-Afrikaanse Wet op Menseregte, erken Primêre Seunskool die basiese regte van elke persoon wat die skool bywoon. Ons verstaan ook verder dat elke reg ook verantwoordelikheid teenoor ander impliseer en dat 'n persoon se vryheid om die regte uit te oefen alleenlik gewaarborg is as 'n ander persoon se regte in die proses nie ontneem word nie.

Ons beklemtoon die volgende:

- Die reg om te werk en te leer sonder om deur ander gesteur te word
- Die reg om regverdig en met respek behandel te word
- Die reg om in 'n skoon, gesonde omgewing te werk
- Die reg om trots te voel op ons skool
- Die reg tot "due process" (regverdige verhoor)
- Die reg om 'n appél te rig

- Die reg om my eie Geestelike waardes uit te leef.

D. PSS STEL SY NORME EN WAARDES OP DIE VOLGENDE VIER PILARE:

1. GOEIE GEDRAG

1.1 Die seuns moet respek betoon teenoor almal in 'n gesagsposisie in die skool en moet te alle tye hoflik teenoor sodanige persone optree. Hulle mag hulle nie binne of buite die skool aan ondermynende gedrag skuldig maak nie. Openlike minagting van ‘n onderwyser se gesag sal in ‘n ernstige lig beskou word.

1.2 Die seuns moet ook hoflik optree teenoor alle ander persone of groepe wat by die skool betrokke is, sowel as teenoor die publiek in die algemeen.

1.3 Die seuns moet opdragte na die beste van hul vermoë uitvoer.

1.4 Die seuns mag mede-leerlinge geen geestelike of liggaamlike leed binne of buite die skool aandoen, of hul intimideer nie.

1.5 Die seuns mag hulle aan geen vorm van vandalisme skuldig maak nie en moet die eiendom van ander respekteer.

1.6 Die seuns mag geen gewoontevormende middels wat tot verslawing kan lei, gebruik of op die skoolterrein bring nie, tensy sodanige middel deur 'n mediese dokter voorgeskryf is en die skoolhoof daarvan kennis dra. Geen onwelvoeglike materiaal word op die skoolterrein toegelaat nie.

2. GOEIE LEERLINGSKAP

Leerlinge moet gedurende 'n skoolkwartaal daagliks die skool bywoon en hulle ouers/voogde moet grondige redes verstrek indien hulle vir enige tydperk afwesig was. Leerlinge mag niks doen wat hulle eie akademiese vordering of dié van hulle mede-leerlinge sal belemmer of benadeel nie.

3. GOEIE SPORTMANSKAP

Waar leerlinge die skool op buitemuurse gebied verteenwoordig, moet hulle deurentyd as waardige ambassadeurs optree en veral op die sportveld moet hulle gedrag van ware sportmanskap getuig.

4. BEVORDERING VAN SKOOL SE TRADISIES EN TROTS

Alle deelname en betrokkenheid is altyd met inagneming van die bevordering van PSS se tradisies en trots.

Die seuns se algehele voorkoms (higiëne, algemene netheid en haarstyl) moet ten alle tye die skooluniform komplimenteer. Slegs leerlinge van die skool mag die skooldrag dra. Daarby mag hul niks doen wat die goeie naam van die skool in die gedrang sal bring terwyl hulle in die voorgeskrewe drag gekleed is nie. Ons persoonlike voorkoms moet die skooldrag komplimenteer.

E. DISSIPLINêRE BELEID

Ter toepassing van bogenoemde gedragskode is die volgende dissiplinêre beleid daargestel volgens bepalings van die Skolewet van 1996 en is dit opgestel in samewerking met die Beheerliggaam, leerkragte en seuns van die skool.

Die volgende beginsels is van krag:

- **Die toepassing van dissipline sal altyd met waardigheid geskied. Positiewe dissiplinering sal altyd as grondbeginsel dien.**

- Daar sal meer spesifiek op die volgende aspekte gekonsentreer word:
  - Die skep en kweek van selfdissipline by leerkragte en seuns.
  - Die skep van 'n ordelike, aangename atmosfeer waar effektiewe leer kan plaasvind.
  - Die skep van 'n positiewe gesindheid en atmosfeer wat aanleiding kan gee tot leer.
  - Die vestiging van 'n waardesisteem met respek vir ander, hul regte en hul eiendom.

Die volgorde van dissiplinêre stappe wat gebruik word, is:

- Onderwyser
- Graadhoof
- Interne Dissiplinêre Komitee
- Skoolhoof
- Skoolhoof en ouers
- Dissiplinêre Komitee van Beheerliggaam

F. DISSIPLINêRE MAATREëLS

Die riglyne vir die toepassing van straf is in oorleg met die beginsels soos vervat in die GEDRAGSKODE. Die volgende bly die basis van dissiplinêre maatreëls:

- Regverdigheid
- Binne perke
- Konsekwentheid
- Humanisties
- Relatief onmiddellik
- Verband hou met die oortreding (waar moontlik)
- 'n Leerling kry geleentheid om sy saak te stel
- Geen lyfstraf nie.

Alle dissipline (en straf) binne die skool moet voldoen aan riglyne soos neergelê in die SA Skolewet van 1996. (Wet 84 van 1996)

Straf en dissiplinêre maatreëls binne die skool sal afhang van wat die prinsipaal/leerkrag beskou as van toepassing vir die oortreding en omstandighede. Die skool behou die reg om straf toe te dien waar en soos nodig. Die oordeel rakende die tipe straf berus by die prosedures wat vervolgens uiteengesit is:

Die volgende dissiplinêre maatreëls sal in die skool toegepas word:

- Interne dissiplinêre maatreël soos toegepas in die klaskamer (**verslag** word hiervan gehou deur die betrokke leerkragte)

    - Adviseer leerder
    - Strafmaatreëls in klas
    - Kontak ouers
    - Verwys na Dissiplinêre Komitee

- MOONTLIKE AKSIES DEUR DISSIPLINêRE KOMITEE
    - Vrydagmiddag detensie
    - Berispe
    - Waarskuwing
    - Werk/diens aan die skool
    - Verwydering uit skool, klas, speelgrond vir ‘n bepaalde tydperk
    - Skriftelike opdragte
    - Weerhou van voorregte
    - Kontak ouers
    - Skade op eie koste herstel (Vandalisme / Skryf op banke ..., ens.)
    - Meld in korrekte skooldrag aan
    - Skoonmaak van terrein
    - Bussies was
    - Sit voor in saal gedurende saalbyeenkomste

- MOONTLIKE AKSIES DEUR SKOOLHOOF
    - Meld by skoolhoof aan (skooldrag)
    - Ouerkontak
    - Verwys na Sielkundige
    - Tydelike uitsetting uit skool
    - Isolasie
    - Verwys na Beheerliggaam (Dissiplinêre Komitee)
    - Verwysing na Hoof van Onderwysdepartement vir Skorsing.

G. Vermy liefs die volgende:

• Aanranding van medeleerlinge • Bakleiery • Benadeel goeie naam van skool • Beskadig ander se eiendom • Beskadig skooleiendom • Besit onwelvoeglike materiaal • Diefstal • Ernstige aggressiewe gedrag • Ernstige ontwrigting van klasroetine • Ernstige temperamentsuitval • Gedrag in stryd met skool se waardes • Leuens vertel • Onbeskofte gedrag • Ondermyning van gesag • Oneerlikheid in toetse of eksamens • Ongemanierde optrede • Onwelvoeglike taalgebruik • Openlike satanisme • Rook op skoolterrein • Seksuele wangedrag • Skinderpraatjies • Stokkiesdraai • Swak gedrag in openbaar wanneer in skoolklere • Swak gedrag tydens skoolgeleenthede • Uittarting van onderwyser • Vandalisme • Verwerp etos van skool • Vloektaal teenoor medeleerlinge of personeel • Vuil briewe / vloekwoorde	• Afknouerig teenoor maats • Afskryf van huiswerk • Afwesig sonder toestemming • Afwesig uit klas sonder toestemming • Afwesig tydens afspraak • Arrogante houding • Bemors kleedkamers • Bemors terrein • Beskadig plante • Besig met ander dinge • Betree verbode terrein • Buierig (ongemotiveerd) • Gereelde afwesigheid • Disrespek teenoor onderwyser • Daag laat op by klas • Eet in klas • Argelose houding teenoor skoolwerk • Foutiewe tas volgens skoolreël • Geestelike afknou • Gevaarlike speletjies • Gooi toiletpapier teen plafon • Hardloop in gange • Herhaaldelike swak gedrag • Huiswerk afskryf • Hare onnet • Klim op dakke • Kougom kou of besit • Krap op/in ander se eiendom	• Kwaadpraat van medeleerlinge • Laat kom (klas of skool) • Laksheid • Minagtend teëpraat • Loop weg van skool • Nukkerig • Oneerlik (algemeen) • Ongemanierde optrede • Ontwrig klasroetine • Ongehoorsaam in klas/rye • Ontwrig rustige werksatmosfeer • Onhoflike optrede • Parmantigheid • Pligsversuim • Praat onophoudelik/ onderlangs • Ry fiets op skoolterrein • Rommelstrooi • Speel rowwe speletjies • Skiet met voorwerpe • Skooldrag nie korrek • Skoolreëls oortree • Spoeg ander leerlinge • Speelgoed in klas • Steurnis in groep /rye • Sportspan in steek gelaat/ geen verskoning of rede • Urineer op terrein • Vernietig skooleiendom • Vertraag klaswisseling • Vuil gesprek • Verlaat skoolterrein ongemagtig

H. Algemene optrede in en om die skool

- Geen hardlopery op teeroppervlaktes - om beserings te voorkom
- Geen leerling mag met sy fiets op die skoolterrein ry nie
- Geen gevaarlike speletjies op rugbyveld nie
- Leerders mag nie deur ingangsportaal skool betree of verlaat nie
- Geen leerders sonder toesig in die saal nie
- Hou toilette en kleedkamers sindelik
- Staan in twee rye by snoepie/koekverkopings en wag jou beurt af
- Geen rommelstrooiing nie – gebruik vullisdromme
- Geen leerder sonder toestemming op krieketkolfblad
- Niemand mag oor draadheinings klim of leun nie
- Maak gebruik van die skolierpatrollie
- Geen hardlopery in gange
- Maak een knoop van baadjie vas
- Geen baadjies oor arm of skouer – trek aan of los in klas gedurende pouses
- Staan altyd op vir volwassenes en groet vriendelik
- Moenie spoeg nie
- Moenie gholf speel op ons rugbyveld nie.
- Geen leerder binne swembadomheining sonder volwasse toesig nie.

Onthou ‘n Klein Boishaaier is altyd ‘n “gentleman”

PAARL PRIMêRE SEUNSKOOL
ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIEBELEID
(INTERNET- EN REKENAARGEBRUIK)

1. INLEIDING

Die gebruik van PSS se Elektroniese Kommunikasiefasiliteite (Rekenaars en Internet) is onderworpe aan sy amptelike Kommunikasiebeleid.
Indien die gebruiker nie met hierdie beleid akkoord gaan nie, het hy nie die reg om hierdie fasiliteit te gebruik nie.

2. AANVAARBARE EN ONAANVAARBARE GEBRUIK

2.1 PSS laat redelike gebruik van al die skool se fasiliteite toe met dien verstande dat die skool hom
uitdruklik die reg voorbehou om:

2.1.1 die gebruiker se toegang en of gebruik van die fasiliteite in hersiening te neem en waar nodig te beperk of op te skort op grond van die nie-nakoming van die bepalings van die Elektroniese Kommunikasiebeleid.

2.2 Die gebruiker mag nie die fasiliteit gebruik –

2.2.1 om kommunikasies te skep, te stuur of te berg wat volgens die oordeel van die skoolhoof, of sy genomineerde, redelikerwys as ontwrigtend, lasterlik, diskriminerend of onwelvoeglik teenoor ander persone beskou kan word of wat tot 'n vertroulikheidsskending kan lei nie;

2.2.2 op enige manier waardeur 'n ander persoon se persoonlikheidsregte of eiendomsregte geskend of aangetas word nie;

2.2.3 om persoonlike inligting in besit van die skool wat deur gebruik van die fasiliteit bekom is, van enige persoon sonder sy of haar toestemming aan 'n derde party bekend te maak of beskikbaar te stel nie;

2.2.4 op enige manier waardeur 'n onaanvaarbare las op of ontwrigting van die fasiliteit gelê word nie deur die koppeling van hardeware of installasie van sagteware wat nie aan die skool behoort nie;

2.2.5 om onwettig toegang te verkry tot die rekenaarnetwerk van die skool of om ongemagtigde toegang tot enige persoon se rekenaar-, e-pos-, of stemposfasiliteite of –toerusting te verkry of poog om sodanige ongemagtigde toegang te verkry nie;

2.2.6 om enige kommunikasie of inligting wat nie vir die gebruiker bedoel is nie, te bekom of te probeer bekom nie;

2.2.7 om die fisiese apparatuur (hardeware) en stelselkonfigurasies van die fasiliteit te beskadig, te verander of te probeer verander nie.

3. GEBRUIKER SE VERANTWOORDLIKHEDE

3.1 Die gebruiker word verantwoordelik gehou-

3.1.1 om wagwoorde tot enige fasiliteit wat toegang het tot die skool se netwerk veilig te bewaar;

3.1.2 om redelike voorsorgmaatreëls, met inbegrip van persoonlike wagwoorde en maatreëls vir lêerbeveiliging, te tref om die ongemagtigde gebruik van die fasiliteit deur ander persone te voorkom;

3.1.3 om die fasiliteit slegs vir die doel waarvoor die gebruiker gemagtig is, te gebruik;

3.1.4 om wagwoorde, wat die gebruiker in staat stel om toegang tot die fasiliteit te verkry, vertroulik te hou.

4. PRIVAATHEID

4.1 Ofskoon die skool die gebruiker se reg op privaatheid respekteer, moet die skool sy kommunikasiestelsels bestuur en beskerm derhalwe kan die persoon wat daartoe gemagtig is sonder verdere kennisgewing aan die gebruiker enige kommunikasie onderskep, weier of nagaan ter uitvoering van die skool se verantwoordelikheid vir die bedryf van sy fasiliteite. Sodanige optrede sal slegs op grond van een of meer van die volgende doeleindes in werking gestel word:

4.1.1 om te verseker dat die skool se fasiliteite nie strydig met paragraaf 2.2 gebruik word nie;

4.1.2 om die teenwoordigheid van onwettige en onwelvoeglike materiaal of ongelisensieerde programmatuur te bepaal;

4.1.3 om misdaad te bekamp;

4.1.4 om vas te stel of enige wetgewing of enige van die skool se reglemente, beleide en/of gedragskodes oortree is of word.

4.2 Die Gebruiker gee hiermee sy uitdruklike toestemming aan die skool om, ooreenkomstig paragraaf 4.1, alle kommunikasies te onderskep en/of te weier of na te gaan.

GEDRAGSKODE ONDERNEMING

Ek, _____, ouer van, _____ onderskryf hierdie gedragskode en onderneem om my samewerking te gee in die onderhou van die beginsels, soos vervat in hierdie gedragskode.

_____ _____
HANDTEKENING VAN OUER DATUM

Ek, _____, leerling van Primêre Seunskool Paarl, onderskryf hierdie gedragskode en onderneem om my samewerking te gee in die onderhou van die beginsels, soos vervat in hierdie gedragskode.

_____ _____
HANDTEKENING VAN LEERLINGE DATUM

PAARL PRIMêRE SEUNSKOOL
ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIEBELEID
(INTERNET EN REKENAARGEBRUIK)

Hiermee onderskryf ek, _____ die Paarl Primêre Seunskool se elektroniese beleid soos in die vorige paragrawe uiteengesit.

Ek het hierdie beleid in die teenwoordigheid van my ouers deurgegaan en die implikasies is aan my verduidelik.

Geteken:

_____ _____
LEERDER DATUM

_____ _____
OUER DATUM

Primêre Seunskool Paarl – Selfoonbeleid

Die Primêre Seunskool neem die standpunt in dat selfone beperkte of geen opvoedkundige waarde het nie en dat die gebruik daarvan ‘n steurnis in ‘n leeromgewing is. Leerders word daarom aangemoedig om nie selfone skool toe te bring nie. Ouers wat verkies dat seuns hul selfone by hulle moet hê moet hulself deeglik vergewis van die onderstaande beleid ten opsigte van selfone.

Die leerders mag slegs in besit wees van selfone onderhewig aan die volgende reëls en regulasies. Streng navolging van die reëls en regulasies word verwag.

Besit van ‘n selfoon by die skool word beskou as ‘n voorreg en dit kan ter enige tyd verbeur word indien ‘n leerder nie die bepalings van die beleid nakom nie. Leerders is alleen en ten volle verantwoordelik vir die bewaring en sekuriteit van hul selfone. Die Primêre Seunskool neem geen verantwoordelikheid vir diefstal, beskadiging, verloor van selfone of enige ongemagtigde oproepe wat op ‘n selfoon gemaak word nie.

Gebruik van selfone op die skoolterrein

- Leerders mag selfone **voor** en **na** skool op die skoolgronde gebruik en slegs op so ‘n manier dat dit nie ‘n steurnis of onderbreking veroorsaak nie.

- Selfone mag nie op skooluitstappies gebruik word nie behalwe wanneer ‘n noodsituasie, wat deur die toesighoudende persoon bepaal word, ontstaan.

- Selfone mag nooit op so ‘n manier gebruik word dat dit ‘n steurnis of onderbreking van die leersituasie veroorsaak nie.

- Dit is die skool se standpunt dat kamerafone in sekere situasies die individu se reg op privaatheid skade kan berokken. Kamerafone kan ook gebruik word om persoonlike inligting te misbruik en dit kan ook die integriteit van die skool se opvoedkundige programme in gevaar stel. Daarom word die gebruik van ‘n selfoon se kamera- of videofasiliteit ten strengste verbied.

- Leerders mag nie foto’s, videomateriaal, animasies of notas van onwelvoeglike aard op hul selfone stoor of aflaai nie.

- Leerders wat hul skuldig maak aan enige van bogenoemde se selfone sal gekonfiskeer word en sal slegs aan die ouer of wettige voog van sodanige leerder oorhandig word.

- Herhaaldelike oortredings van die selfoonbeleid sal veroorsaak dat die voorreg om ‘n selfoon by die skool te hê van die leerder ontneem sal word.